

HOOFSTUK 1: PROBLEEMSTELLING; TEORETIESE RAAMWERK EN TERMINOLOGIE; WERKWYSE; VERWAGTE UITKOMSTE

1.1 Probleemstelling

Soos die titel van die proefskrif aandui, gaan dit hier oor 'n ondersoek na mites rondom Afrikaans. Die ondersoek is nie uitsluitlik gerig op 'n verkenning en beskrywing van die mites nie, maar behoort insigte te bied en selfs beperkte oplossings voor te stel rondom die huidige (moontlik) problematiese situasie vir sowel die moedertaalsprekers van Afrikaans asook vir niemoedertaalsprekers van Afrikaans vir wie Afrikaans in baie gevalle nog steeds 'n belangrike ekonomiese funksie vervul.


Voor 1994 was Afrikaans naas Engels die belangrikste *lingua franca* en hoëfunksietaal in Suid-Afrika. Die belangrikste redes hiervoor is onder meer die feit dat moedertaalsprekers van Afrikaans die derde grootste taalgroep was en dat die taal geografies die wydste verspreiding van die elf hooftale in die land gehad het, omdat dit in agt van die nege (nuut voorgestelde) provinsies een van die drie grootste huistale was (vgl. Webb 1992:28-29). Nog 'n belangrike faktor was die feit dat ongeveer 17 miljoen mense in Suid-Afrika in 1994 aangedui het dat hulle oor 'n tweedetaalkennis van Afrikaans beskik (volgens syfers van die SABC se sogenaamde *Broadcasting Research Unit*, aangehaal deur Vic Webb in sy klasaantekening vir die Taalpolitiek-studente aan U.P.). Die heel belangrikste faktor was egter die feit dat Afrikaans op daardie stadium (1994) reeds vir amper sewentig jaar ampstaalstatus geniet het.

Daar kan dus met stelligheid beweer word dat Afrikaans oor die algemeen in 1994 'n gunstige sosiolinguistiese profiel gehad het en as 'n belangrike taal vir groot groepe mense beskou kon word omdat hulle daardeur in staat gestel is om, in die woorde van Van Rensburg (1992:26), "hulle menslike potensiaal optimaal te ontwikkel."

Houdingstudies (soos onder andere ook aangehaal in Webb 1992:37 en verder) dui wel soms op negatiewe gesindhede teenoor Afrikaans en die ongunstige stereotipering van Afrikaanssprekendes. In hierdie geval kan die rol van miteskepping rondom Afrikaans nie uitgeskakel word nie, soos later in die proefskrif in diepte bespreek sal word (veral in hoofstukke 4 en 5).

Die gunstige sosiolinguistiese posisie van Afrikaans het in sommige opsigte nie noemenswaardig verander na 1994 nie, soos afgelei kan word uit die volgende inligting rondom sprekersgetalle en geografiese en demografiese verspreiding van die elf hooftale in die land in 1996 en 2001. Die inligting is met sy toestemming onttrek uit 'n referaat van Vic Webb by die *International seminar on Applied Linguistics in a global world* by die Universiteit van Delhi in Desember 2003 en verteenwoordig gegewens uit die 1996- en 2001-sensusopnames.

Politiese kaart van Suid-Afrika



Tabel 1: Sprekersgetalle van die 11 amptelike tale (1996- and 2001-sensusopnames

Taal	T1 1996 (G)	% 1996	T1 2001 (G)	%	Geraamde kennis: T1 + T2
Zulu	9 200 144	22.7	10 677 305	23.8	26.3 miljoen
Xhosa	7 196 118	17.7	7 907 153	17.6	19.0
Afrikaans	5 811 547	14.3	5 983 426	13.3	16.3
Noord- Sotho	3 695 846	9.2	4 208 980	9.4	13.3
Engels	3 457 467	8.5	3 673 203	8.2	17.7
Tswana	3 301 774	8.1	3 677 016	8.2	11.4
Sesotho	3 104 197	7.7	3 555 186	7.9	11.4
Tsonga	1 756 105	4.3	1 992 207	4.4	5.4
Swazi	1 013 193	2.5	1 194 430	2.7	3.5
Venda	876 409	2.2	1 021 757	2.3	2.7
Ndebele	586 961	1.5	711 821	1.6	3.0
TOTAAL	40 583 573		44 819 778		

Tabel 2: Huistaal volgens etniese groep: 1996; 2001 as %

	Swart	Bruin	Asiër	Wit	Ander	Totaal
Afrikaans	0.7; 0.7	81.4; 79.5	1.5; 1.7	57.7; 59.1	23.6	14.3; 13.3
Engels	0.4; 0.5	16.2; 18.9	93.2; 93.8	38.6; 39.3	19.7	8.5; 8.2
Zulu	29.3; 30.1	0.2; 0.3	0.2; 0.2	0.1; 0.1	14.4	22.7; 23.8
Xhosa	23.0; 22.3	0.3; 0.3	0.1; 0.1	0.1; 0.1	8.4	17.7; 17.6
Ndebele	1.9; 2.0	0.1; 0.0	0.0; 0.3	0.1; 0.1	0.8	1.5; 1.6
Swazi	3.2; 3.4	0.0; 0.1	0.0; 0.0	0.0; 0.0	1.2	2.5; 2.7
Pedi	11.8; 11.9	0.1; 0.1	0.0; 0.0	0.0; 0.0	4.7	9.1; 9.4
Sesotho	9.9; 10.0	0.2; 0.2	0.0; 0.0	0.0; 0.0	3.4	7.7; 7.9
Tswana	10.5; 10.3	0.4; 0.4	0.0; 0.0	0.0; 0.1	3.8	8.1; 8.2
Tsonga	5.6; 5.6	0.0; 0.0	0.0; 0.0	0.0; 0.0	2.4	4.3; 4.4
Venda	2.8; 2.9	0.0; 0.0	0.0; 0.0	0.0; 0.0	1.2	2.2; 2.3
Ander	0.9; 0.3	1; 0.2	5.0; 3.8	3.4; 1.1	16.6	1.5; 0.5
TOTALE (2001)	35 416 166	3 994 505	1 115 467	4 293 640		44 819 778

Tabel 3: Drie grootste huistale volgens provinsie, 2001, %

Oos-Kaap	Vrystaat	Gauteng	KwaZulu-Natal	Limpopo	Mpumalanga	Noord-Kaap	Noord-Wes	Wes-Kaap
Xhosa 83.4	S.So. 64.4	Zulu 21.5	Zulu 80.9	N.So. 52.1	Swazi 30.8	Afr. 68.0	Tswana 65.4	Afr. 55.3
Afr 9.3	Afr 11.9	Afr 14.4	Eng. 13.6	Tsonga 22.4	Zulu 26.4	Tswana 20.8	Afr. 7.5	Xhosa 23.7
Eng 3.6	Tsw 6.8	S.So. 13.1	Xhosa 2.3	Venda 15.9	Ndeb. 12.1	Eng. 2.5	Xhosa 5.8	Eng. 19.3

Die afleidings uit die voorafgaande tabelle rondom Afrikaans se posisie is die volgende:

- Afrikaans verteenwoordig in 2001 steeds die derde grootste moedertaalgroep in Suid-Afrika, nl. 13.3 % of bykans 6 miljoen van die amper 45 miljoen sprekers;
- na raming is daar 16,3 miljoen T1- en T2-sprekers van Afrikaans¹ (teenoor 17,7 miljoen met 'n eerste- of tweedetaalkennis van Engels);
- Afrikaans figureer demografies sterk in twee etniese groepe (naamlik in die wit en bruin groepe) met ongeveer 79,50 % van die bruin groep en 59,1 % van die wit groep wat in 2001 aandui dat hulle moedertaalsprekers van Afrikaans is); en
- Afrikaans het geografies die beste verspreidings van al elf tale deurdat dit in twee provinsies die grootste en in vier provinsies die tweede grootste taalgroep verteenwoordig.

Verdere belangrike aspekte rondom die sosiolinguistiese profiel van Afrikaans is dat dit terminologies op al die belangrike vakwetenskaplike terreine ontwikkel is om die eise van die een-en-twintigste eeu die hoof te kan bied, oor 'n gevestigde, produktiewe en steeds groeiende letterkunde beskik en nou reeds vir bykans tagtig jaar een van die amptelike tale van Suid-Afrika is ('n status gedeel met Engels en Nederlands sedert 1925, vanaf die vyftigerjare net met Engels, en na 1994 met Engels en nege ander tale).

Die laaste feit is veral van groot belang vir hierdie ondersoek. Afrikaans deel nl. sedert 1994 sy ampstaalstatus nie net met Engels nie, maar ook met die nege ander hooftale van Suid-Afrika, nl. Zulu, Xhosa, Noord-Sotho, Tswana, Sesotho, Tsonga, Swazi, Venda en Ndebele (sien Tabel 1 hierbo). Die keuse vir elf amptelike tale in die oorgangsgrondwet (en vasgelê in die finale grondwet in 1996) onderskryf die beginsels van die menseregte-handves, nl. nie-

¹ As hierdie syfer met dié van 1994 (vergelyk bladsy 12) vergelyk word, kan die volgende afleiding gemaak word: Die jongste syfer dui op ongeveer 10 miljoen T2-sprekers (16.3 miljoen in totaal minus ongeveer 6 miljoen T1-sprekers), terwyl daar in 1994 nog 'n geraamde 17 miljoen T2-sprekers was. Dit beteken dus 'n redelik dramatiese afname van ongeveer 7 miljoen ná 1994. Die impak van miteskepping rondom Engels?

diskriminasie, respek vir groepsregte (ook van minderhede) en diversiteit asook die reg van die individu om in sy eie taal met die owerheid te kommunikeer.

In praktyk wil dit egter voorkom asof die elftalige ampstaalbeleid van die nuwe regering nie haalbaar is nie, en kies die owerheid toenemend vir die gebruik van Engels as die belangrikste (of in baie gevalle die enigste) hoëfunksietaal en die erkende *lingua franca*. Die gevolg hiervan vir Afrikaans is voor-die-hand-liggend: 'n onteenseglike verskraling van die taal se funksionele status in terme van die situasie voor 1994. Hierdie funksionele verskraling van Afrikaans is 'n onderwerp wat in die afgelope jare (sedert die ANC aan bewind gekom het) feitlik daaglik op die een of ander wyse in (veral) die Afrikaanse media ter sprake gekom het.

Verskeie aanduidings van die toenemende keuse vir Engelseentaligheid (of minstens 'n voorkeur vir Engels) in die parlement, die staatsdiens en munisipaliteite, aan tersiêre onderriginstansies en in die uitsaaiwese word in berigte en hoofartikels in dagblaaie uitgewys. 'n Bewys van die voorkeur vir Engels in die uitsaaiwese is voor-die-hand-liggend, nl. dat die SAUK (die Suid-Afrikaanse Uitsaakorporasie) die Afrikaanse afkorting laat vaar het en kort na 1994 slegs bekend begin staan het as die SABC (South African Broadcasting Corporation). Wat TV betref, is Afrikaans se posisie slegs enigszins beredder deur die skep van 'n Afrikaanse betaalkanaal, KykNET.

Enkele spesifieke voorbeelde van beriggewing rondom Afrikaans se ingekorte funksionele status word vervolgens kortliks bespreek.

Op 29 Julie 1994 (dit wil sê ongeveer drie maande na die ANC-bewindsoorname) word in *Beeld* berig dat Afrikaans by **Eskom** (nie meer die Afrikaanse akroniem, Evkom, nie -AMJ) gaan "sneuwel". Mnr. Peter Adams, mediawoordvoerder van Eskom, regverdig die besluit om "voortaan net Engels as amptelike interne voertaal te gebruik" deur te verduidelik dat dit geneem is vir

“praktiese redes.” In *Rapport* van 7 Augustus 1994 doen Piet Muller oor hierdie selfde saak verslag. ’n Meegaande diagram by sy berig dui aan dat die huistaal van 47,42 % van Eskom-werknemers Afrikaans is, teenoor 23,85 % wie se huistaal Engels is (terwyl die orige ongeveer 30 % gedeel word deur Zulu, Xhosa, Sesotho, Noord-Sotho en Tswana in die spesifieke volgorde). ’n Verdere “interessantheid” is dat die opsteller van die Eskom-memorandum, mnr. Juan la Grange, die uitsluitlike gebruik van Engels motiveer as sou dit ten doel hê “[...] to ensure and enforce clear, unambiguous communication [...] for the safety of personnel and plant” en dan byvoeg dat navorsing getoon het dat “in cases where Afrikaans *are* (sic) used” die “pure form” nie gebruik word nie (wat die wenkbroue metafories gesproke kan laat lig oor die opsteller se eie gebruik van ’n nie-“pure form” van Engels.)

Ongeveer vier jaar later is die proses van die funksionele verskraling van Afrikaans steeds een van die fokusareas van die Afrikaanse pers en berig *Rapport* op 10 Mei 1998 onder die opskrif “Poskantoor word nou net Engels” soos volg:

Die Poskantoor het besluit dat Engels sy enigste ampstaal gaan word. Alle vergaderings, memoranda, kennisgewings, briewe, advertensies vir vakatures en notules van vergaderings sal daarom uitsluitlik in Engels wees nadat Afrikaans en die nege amptelike Afrika-tale uitgefaseer is. Die Personeel van die Poskantoor is pas van die besluit, wat die bestuur op 16 April geneem het, verwittig. Dit lyk egter of die Poskantoor se stap straks teenstand gaan kry. Prof. Cynthia Marivate, hoofamptenaar van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (Pansat) sê dié stap skend die Grondwet.”

In ’n artikel in *Afrikaans Vandag*, Julie 2000, verwoord J.C. Steyn die funksionele verskraling van Afrikaans verder. Hy verwys na ’n toespraak (aangehaal in *Rapport* van 4 Junie 2000) van dr. Karel Prinsloo, uitvoerende direkteur van die Stigting vir Afrikaans, by ’n internasionale konferensie in Puerto Rico oor taalregte en meertaligheid. In die toespraak het dr. Prinsloo melding gemaak van die ontstaan van ’n “breë Afrikaanse beweging” as gevolg van “die sterk druk vir verengelsing.” Steyn verduidelik die saak soos volg:

Die koerante lewer inderdaad dag vir dag bewyse vir die noodsaak van taalaksies (om die benadeling van die ampstale in Suid-Afrika ten gunste van Engels te verminder – AMJ). Die pers het in Junie 2000 die aandag daarop gevestig dat pres. Thabo Mbeki nog nie 'n belangrike belofte nagekom het wat hy in Maart 1999 gedoen het nie. Dit is om 'n meganisme in te stel wat moet verseker dat grondwetlike taalregte beskerm word.

Steyn se slotsom (2000:9) is dat “dit alles leë woorde gebly (het)”. Hy brei soos volg hierop uit:

Spoedig ná Mbeki se toespraak is die aftakeling van Afrikaans [...] hervat. So is begin met stappe om van Engels die enigste verslagtaal in howe te maak. Engels het die Weermag se amptelike operasionele taal geword, en gaan ingefaseer word as die enigste taal van Weermagopleiding. Pansat wys op die een oortreding van die Grondwet na die ander.

En verder:

Die onderwysdeskundige Huw Davies het vermeld dat uit 'n totaal van 2 800 Afrikaansmediumskole meer as 800 sedert 1994 oorgeskakel het na parallel-, dubbel- of selfs Engelsmedium. Sowat agt persent van die skole in die land is Afrikaansmedium, terwyl agt persent van die leerlinge ook Afrikaans is. Nogtans word gereeld verkondig dat daar veels te veel Afrikaanse skole is, en het Blade Nzimande van die ANC beweer dat die strewe van die Afrikaanse skole om Afrikaans te bly, van 'n volkstaatmentaliteit getuig.

1.2 Miteskepping as belangrikste uitgangspunt in die probleemstelling

Die verband tussen die probleem van die verskraling van Afrikaans se status en die kwessie van miteskepping rondom Afrikaans sal die fokuspunt van die diskoers in hierdie proefskrif wees.

Vanuit die uitgangspunt van mites en hulle impak is dit reeds interessant dat die effek van miteskepping implisiet teenwoordig is in die frase van Blade Nzimande in die aanhaling hierbo, nl. in sy verwysing na “'n volkstaatmentaliteit.”

Die afleiding kan reeds gemaak word dat een van die grootste probleme wanneer daar gekyk word na die huidige posisie van Afrikaans, die moontlikheid is dat enige redelike aandrag op taalregte vir Afrikaans sonder meer

teruggevoer sal word na die apartheidsmities (wat in hoofstuk 5 bespreek word). Hierdie afleiding word gestaaf deur die feit dat 'n ANC-politikus op neerhalende wyse na die “strewe van Afrikaanse skole om Afrikaans te bly”, verwys as 'n “volkstaatmentaliteit.”

Andersyds weer kan selfs 'n redelike en kundige taalsosioloog soos J.C. Steyn nie volkome daarin slaag om die mities waarmee hy tot nog toe geleef het, uit die gesprek te weer nie en kan die impak van die Afrikanermities (wat in hoofstuk 4 bespreek word) myns insiens afgelei word uit woorde en frases in sy kommentaar in *Afrikaans Vandag*, Julie 2000, soos hierbo aangehaal. Emotiewe woorde en frases (wat die neerslag van mitieskepping sou kon weerspieël) is onder meer “taalaksies”, “leë woorde”, “die aftakeling van Afrikaans” en “[...] word gereeld *verkondig* ...”.

Dit is ook nie net J.C. Steyn wat vanuit 'n nugter en wetenskaplike uitgangspunt as taalsosioloog nogtans die invloed van mitieskepping in sy lewe laat blyk nie. Die historikus, prof. Hermann Giliomee, wie se biografie oor die Afrikaners as 'n belangrike bron vir hierdie diskoers sal dien, skryf volgens 'n berig in *Rapport* van 13 Mei 2001 aan die onderwysminister, mnr. Kader Asmal, die “regering se nasionale plan vir hoër onderwys het hom tot ‘*wanhoop*’ gedryf oor die *toekoms van Afrikaans* en ander nie-dominante tale op universiteitsvlak.”

In 'n insiggewende artikel in *Beeld* van 23 Mei 2001 (p.15) doen Jorisna Bonthuys verslag oor die standpunte rondom moedertaalonderwys soos gestel deur Praesa (die Sentrum vir Alternatiewe Onderrig aan die Universiteit van Kaapstad). Praesa se navorsing wys op lesse uit die koloniale geskiedenis van Afrika: ná onafhanklikheidswording het die meeste Afrikalande die taal van die ou koloniale moondheid as ampstaal aanvaar “ter wille van (die mite van - AMJ) nasiebou”. Die gevolg hiervan verwoord die skryfster van die artikel soos volg:

Terwyl die gesprek oor die veeltaligheidsbeleid plaaslik hoofsaaklik deur politiek onteiene Afrikaanssprekendes gevoer en oorheers word, worstel

die res van die vuisvoos vasteland met die nalatenskap van sy verkeerde taalkeuses dekades gelede.

Bonthuys wys daarop dat onlangse navorsing van Praesa daarop dui dat die “algemeen aanvaarde vooroordeel dat inheemse taalsprekers hul eie taal wil versak (ter wille van) Engels [...] gewoon net nie waar (is) nie.” Sy haal ook die direkteur van Praesa, dr. Neville Alexander aan, wat dit onomwonde stel dat die regering moeilike besluite oor die toepassing van die taalbeleid sal móét neem en wat die vertraging in die toepassing van die “taal-in-onderrigbeleid in Suid-Afrika” (wat neerkom op moedertaalonderwys met “toegevoegde tweetaligheid”) toeskryf aan “’n skreiende gebrek aan politieke wil.”

In die uitsprake van dr. Alexander (’n man wat, terloops, ook sy draai op Robbeneiland gemaak het gedurende die apartheidsjare) gaan dit nie om die verskraling van Afrikaans se status nie, maar om die feit dat die ANC nie handel in ooreenstemming met die grondwetlike bepalinge van veeltaligheid en die party se eie voorstelle voor 1994 nie. (Jordaan 1995:54,55 wys op die ANC se verbintenis tot ’n “aggressiewe regstellende-aksieprogram” om die “onderdrukte tale, veral die Afrikatale (volgens hulle eie definisie - AMJ) (te) bemagtig”, soos uiteengesit in ’n konsepvoorstel deur die party se taalkommissie en voorgelê tydens die *International Culture and Development Conference* in Johannesburg op 25 April 1993.)

Die slotsom waartoe dr. Alexander kom, word in miteskeppende taal verwoord:

Sonder taalbemagtiging en onderrig in die *heem- en broodtaal* (moedertaal) is die *Afrika-renaissance* en die *intellektuele en kulturele revolusie van sy mense* gewoon net nie moontlik nie en huiwer Suid-Afrika op die rand van ’n groot treurspel (my kursivering).

Wat betref die uitsprake van dr. Alexander soos in bogenoemde artikel verwoord, is die fokus van sy besware teen die hegemonie van Engels die leerders wat nie-moedertaalsprekers van Engels is nie en wat skade ly as gevolg van die “nie-toepassing” van veeltaligheid en die keuse vir Engelseentaligheid.

Vanuit die uitgangspunt van miteskepping binne die konteks van die taaldebat, sou daar egter ook reeds die afleiding gemaak kon word dat daar 'n duidelike bewys van die neerslag van mites (soos in hoofstuk 6 bespreek sal word) in sowel Alexander se uitsprake as Bonthuys se eie kommentaar waarneembaar is. Enkele frases in die berig word ter staving van hierdie standpunt uitgelig:

- (Die eerste twee paragrawe van die berig):

Verengelsing. Bemagtiging. Eng, eksklusiewe taaldebate. Onteining. Politieke mag. Oorlewing. Onderdrukking. Veeltaligheid. Beleidsinisme. Taalapatie. Tweetaligheid. Groeiende verset.

'n Eg Suid-Afrikaanse kakofonie van botsende belange en verpolitiseerde en emosionele taaldebate? Beslis nie.

- vuisvoos vasteland
- ter wille van nasiebou...
- Beheerliggame kies “die weg van die minste weerstand” (nl. Engelseentaligheid – AMJ)
- Die lot van inheemse tale...
- Talle onderwysmense en taalaktiviste meen [...] inheemse tale, Afrikaans inkluis, sal om pedagogiese redes 'n ystervuis moet bal...
- Ondanks al die politieke retoriek skram die besluitnemers weg van moeilike besluite omdat die mite (sic) dat Engels 'n samebindende uitwerking op nasiebou kan hê steeds voortleef.
- Die koloniale taal (lees:Engels) was dus nie die enigste weg en waarheid nie (moontlik 'n Bybelse verwysing? – AMJ), meen hy (dr. Alexander – AMJ).

In *Beeld* van 10 April 2001 word daar verslag gedoen van 'n lesing deur die redakteur van *Die Burger*, Arrie Rossouw, by die KKNK (die Klein Karoo Nasionale Kunstefees). Rossouw het nl. kapsie gemaak het teen die “optogte en betogings” ter wille van die “taalstryd” wat volgens hom Afrikaanssprekendes se “aandrang op taalregte oneindig skade (kan) berokken.” Volgens die politieke redaksie van die koerant, wat die outeurs van die berig is, is Rossouw se verwysing na 'n “groep Gautengse filosowe wat aan openbare debatte oor

Afrikaans deelneem” (onder andere dr. Dan Roodt – AMJ). Rossouw se uitspraak teen die “taalstryders” is onteenseglik in mities-gelaaide taal geklee:

Ek sien beelde van stryd en bloed en van Don Quichotterige bestormings van Coca-Cola-koeldrankblikkies en Parmalat-joghurtbakkies en opstandige, bebrilde Afrikaanse raasbekke met hul *designer*-kapsels en byderwetse baarde wat stapels Engelse koffietafelboeke voor die Uniegebou verbrand. Engels, alles net Engels!

(Die verwysing na die blikkies en bakkies hou verband met die besware van Afrikaanse taalaktiviste teen die uitsluitlike gebruik van Engels op byvoorbeeld padtekens en verpakkings van produkte. Rossouw se standpunt is dat die taal op produkverpakkings “geen duit” verskil sal maak aan die oorlewing van Afrikaans nie. Sonder om te diep op hierdie saak in te gaan, kan daar net verwys word na soortgelyke aansprake binne die EEG vir die gebruik van Nederlands op verpakkingsmateriaal wat my in 1996 tydens ’n besoek aan die Lae Lande opgeval het. Die oordeel dat hierdie oënskynlik klein funksieverlies “geen duit” verskil aan Afrikaans se oorlewing sal maak nie, mag moontlik taalpolitie beskou nie diepgaande genoeg gefundeer wees nie. Vanuit die invalshoek van miteskepping speel soortgelyke “klein” bewyse van ’n taal se status myns insiens ’n belangriker rol as wat Rossouw vermoed. Dié uitgangspunt word onderskryf deur prof. Deon Knobel van die Universiteit van Kaapstad wat in dieselfde berig aangehaal word. Knobel se standpunt is dat, indien die kleinste reg weggeneem word, ander dinge ook verlore mag gaan: “Hoe kan borriegeel voortleef as daar geen verpakte borrie meer is nie?”)

Dr. Dan Roodt, wat waarskynlik beskou word as die prototipiese “Afrikaner-taalaktivis” vir Afrikaans in die “nuwe taalstryd” ná 1994 antwoord op Rossouw se uitspraak deur te beweer dat “*die denkpatroon* (miteskepping? – AMJ) van politieke korrektheid en konformering *wat deur die Broederbond gekweek is*, [...] deesdae weer vaardig (is) by mense wat politiek korrek wil wees. Dis soos ’n *kwasi-Broederbond*. Hulle is bang om die neergelegde reëls te oortree” (my kursivering).

In die slothoofstuk van die proefskrif oor die huidige situasie rondom Afrikaans (*En nou, Afrikaans?*) word daar weer na enkele resente miteskeppende of mite-ondersteunende uitsprake van taalaktiviste verwys. Die bostaande voorbeelde behoort voldoende te wees om aan te dui dat daar 'n verband bestaan tussen die verskraling van Afrikaans se funksionele status en die impak van miteskepping rondom Afrikaans.

1.3 Uitgangspunte

Samevattend kan die uitgangspunte rondom die bostaande probleemstelling en die kwessie van miteskepping rondom Afrikaans soos volg verwoord word:

- 1) Daar is duidelike tekens van die inkorting van Afrikaans se funksionele status ná 1994;
- 2) Hierdie saak het 'n negatiewe impak op die optimalisering van die potensiaal van (veral) die moedertaalsprekers van Afrikaans wat in dié taal hul “tuiste” (Steyn 1980) vind;
- 3) Daar word soms uitsprake deur (soos in die berig van Bonthuys hierbo gestel) “politiek onteiene Afrikaanssprekendes” gemaak soos die volgende: “Wat my nog hier (in Suid-Afrika) hou, is my taal, en as dít verlore gaan, is daar eintlik niks vir my hier nie.” (So 'n uitspraak hou natuurlik direk verband met die “mitiese liefdesband” tussen Afrikaans en die Afrikaner wat in hoofstuk 4 van die proefskrif bespreek word.)
- 4) Sou Afrikaans dus verder gedefunksionaliseer word op veral die hoëfunksieterreine, bestaan die moontlikheid dat nog meer goed opgeleide Afrikaanssprekendes hulle heil elders sal gaan soek;
- 5) Baie Afrikaanssprekendes ly aan die gevolge van wat beskryf kan word as 'n ontgogeling met die “lewende mites” waardeur hulle voorheen gedryf en geïnspireer is. (Hierdie saak sal in die slothoofstuk onder oënskou geneem word deur bv. na die “Boetman”-debat te verwys);
- 6) Soos in die voorafwoord gestel, kan mites nie oornag ontmitologiseer word nie, maar die gedurige pogings deur ander (en ook deur die eie

- taalgenote) om die mites waarmee van jongs af geleef is, te dekonstrueer, kan lei tot apatie, depressie en rigtingloosheid (vgl. die uitspraak van John Steinbeck waarna in in die slothoofstuk verwys word, nl. dat disillusie die emosie is wat ontstaan wanneer die mens se “veilige patrone” versteur word);
- 7) Die moedertaalsprekers van Afrikaans wat die nadeligste geraak word deur die inkorting van die taal se funksies is veral die laer geletterde of ongeletterde Afrikaanssprekendes wie se kennis van Engels onvoldoende is om toegang te hê tot wat Webb (1992:32) beskryf as “die vernaamste goedere en dienste in die land, die regte en die voorregte, die mag en die status;”
 - 8) Die moontlikheid bestaan verder dat die toenemende hegemonie van Engels en veral sy gebruik as enigste *lingua franca* ook ’n negatiewe rol mag speel in die werkverrigting en deelname aan die demokrasie van dié segment van die (geraamde) 10 miljoen T2-sprekers van Afrikaans wat steeds meer tuis is in Afrikaans as in Engels. Hierdie groep (d.w.s. T 2-sprekers met ’n beter beheersing van Afrikaans as van Engels) word eweneens weerhou van die genoemde voorregte soos hierbo geskets;
 - 9) Ten spyte van die elftalige ampstaalbeleid is alle aanduidings dat die ANC-regering nie werklik erns maak met die implementering van veeltaligheid bv. op onderwysvlak nie;
 - 10) Die twee ampstale van voor 1994 se funksionele status is steeds baie groter as dié van die ander nege tale, hoewel die betoog hierbo dui op die groter rol van Engels as van Afrikaans;
 - 11) Die taaldebat rondom Afrikaans word dikwels gekenmerk deur emotiewe uitsprake – selfs in die geval van taalsosioloë wat meen dat hulle redelike standpunte stel ;
 - 12) Die rol van miteskepping en die neerslag van mites² rondom Afrikaans, soos verderaan in die proefskrif deeglik verreken sal word, is duidelik

² Mites word in die diskoers hierna beskou as “singewende” narratiewe en *nie* as vervalsings of onwaarhede nie

- waarneembaar in beriggewing, briefwisseling en uitsprake van politici en taalbeplanners en dié van “gewone mense”;
- 13) Daar is wel sprake van die “kaping” van mites deur politieke figure en ander leiers ter wille van hulle eie persoonlike ambisies soos mag en beheer, en in hierdie geval kan “goeie” mites versteur word en “demoniese magte” ontketen (soos wat in hoofstuk 3 verwoord word na aanleiding van die standpunte wat Leonard Thompson stel en in hoofstuk 5 en verder eksemplaries verken word);
 - 14) Die twee “hoof”-mites onder bespreking word uiteindelik beoordeel op grond van hulle impak op Afrikaans se status in die land; en
 - 15) Die invalshoek van miteskepping rondom Afrikaans as fokuspunt van die diskoers behoort insigte te kan lewer wat ’n nuwe bydrae tot die taalpolitieke gesprek rondom Afrikaans kan maak.

1.4 Spesifieke navorsingsvrae

Spesifieke vrae wat in die loop van die ondersoek beantwoord behoort te word, is dan veral die volgende:

- 1) Wat is mites?
- 2) Wat is die rol van mites in die lewe van individue en groepe?
- 3) Wat is die spesifieke impak van nasionalisme en die rol van politieke miteskepping?
- 4) Watter mites rondom Afrikaans het veral in die loop van die twintigste eeu ’n rol gespeel, enersyds in die wordingstryd van Afrikaans en die Afrikaner, en andersyds in negatiewe persepsies rondom Afrikaans as metaforiese verdrukkerstaal by sommige groepe binne die Suid-Afrikaanse samelewing?
- 5) Wat was die “neerslag” van die mites in verskillende Afrikaanse sisteme?
- 6) In watter mate het die mites rondom Afrikaans wat in die proefskrif bespreek word, aanleiding gegee het tot die verskraling van Afrikaans se status en funksies na 1994?

- 7) Watter “mitiese elemente” vind steeds neerslag in die uitsprake van gespreksgenote in die Afrikaanse taaldebat?
- 8) Sou ’n begrip vir die betrokke mites van die ander groep kon bydra tot beter kommunikasie oor kultuurgrense heen en derhalwe ook tot gunstiger persepsies binne en buite die Afrikaanse taalgemeenskap?
- 9) Watter rol kan die “verstaan” van mekaar se “stories” speel in die herwaardering van mekaar en daarmee saam tot ’n herevaluering van die posisie van Afrikaans binne die Suid-Afrikaanse konteks?

1.5 Terreinafbakening

In die ondersoek sal daar eksemplaries op die volgende aspekte gefokus word:

- die term “mite” en die verwante afleidings “mitologiese/mitiese”;
- die aard en funksie van sogenaamde “lewende” mites in die lewe van individue en veral groepe mense en die rol van die kollektiewe onbewuste (Jung) in die skep van die betrokke mites;
- die rol van die sogenaamde “miteskepper”;
- die feit dat, in die woorde van Leroux (1960, aangehaal in Kannemeyer 1980:12) “die meeste ideologieë vandag ’n vorm van die mite (is)”;
- die polemiese aspekte rondom die historiografie van Afrikaans as voorbeelde van ideologiese verskilpunte en die rol van miteskepping;
- die rol van Afrikaans as dryfveer/mitiese simbool in die wording van die Afrikanervolk na 1900 en die sukses van die Nasionale Party in 1948 (met verwysings na sommige van die eksponente van Afrikaans se rol as bindingsmiddel binne die Afrikaanse politieke en literêre sisteme soos president Steyn, genl. Hertzog, C.J. Langenhoven en M.E.R.);
- die “positiewe” en “negatiewe” mites (gesien vanuit die oogpunt van die posisie van Afrikaans) in die apartheidsera, waartydens die “Wonder van Afrikaans” en die vooruitgang van die taal op vele terreine in kontras gestel kan word met die groeiende mite van Afrikaans as

- onderdrukkerstaal binne die gemarginaliseerde Afrikaanssprekende en niemoedertaalgemeenskappe;
- die “negatiewe mite” van Afrikaans en Soweto 1976 (vgl. Steyn,1980);
 - die neerslag van bogenoemde “positiewe” en “negatiewe” mites in die skryfwerk van geselekteerde eksponente van die “mites van Afrikaans”, bv. N.P. van Wyk Louw, D.J. Opperman, J.C. Steyn, Hermann Giliomee, Antjie Krog en enkele sogenaamde “bruin” digters/skrywers;
 - die veranderde konteks van Afrikaans na 1994 en die noodsaak om oënskynlik verlore mites rondom Afrikaans vir die Afrikaanse taalgemeenskap te herdefinieer tot voordeel van die hele Suid-Afrika.

1.6 Teoretiese raamwerk

Die ondersoek val binne ’n taalsosiologiese (veral: taalpolitieke) raamwerk, waarbinne die rol van taal as ’n simbool of merker van sosio-kulturele indentiteit veral belangrik geag word. Hierdie vakwetenskap hou ook steeds rekening met psigologiese aspekte soos persepsies en denkraamwerke en daarom ook met miteskepping wat onweerlegbaar hierin ’n rol speel. Binne hierdie raamwerk word taalbeplanning, die behoud van taaldiversiteit in ’n veeltalige land en kommunikasie oor kultuurgrense heen ook as van groot belang beskou.

Du Plessis (1991:85) beskryf die proses van taalbeplanning as “’n sistematiese ingryping in die bestaan en funksionering van taal binne die samelewing.” Dit beteken dat die taalbeplanner moet poog om na die taalbelange van al die sprekers van ’n meertalige land te kyk.

Webb (1991:14) verwys na die belang van die groter Suid-Afrikaanse gemeenskap en verduidelik die belangrikheid van taalbeplanning soos volg:

Given the conflict potential in South Africa, it should be clear that the planning of the country’s languages is necessary – just as family planning, town planning, economic planning and political planning is necessary and

important. Language can play an important part in the construction of a new social, economic and political order.

Jordaan (1995:9) omskryf die rol van die taalbeplanner soos volg:

Die taalbeplanner as taalsosioloog, wat veral die lotgevalle van mense op die hart dra, kan egter nie die groei en kwyn van tale somaar aan die noodlot oorlaat nie, maar behoort wetenskaplik daarvoor te beplan...

En verder:

In Suid-Afrika, byvoorbeeld, het verskeie tale naas mekaar en ook in konflik tot mekaar bestaan, gegroei, status verwerf (of **nie** status verwerf nie), onafhanklik van enige doelbewuste taalbeplanningsproses vir die land as geheel. Dit is egter die konflik as gevolg van die reeds bestaande taalreëlings wat taalbeplanning noodsaaklik maak.

Die verwickelde aard van taalprobleme maak ook deel uit van die teoretiese raamwerk van hierdie studie. So verduidelik Cobarrubias (1983:6) dat besluite oor taalstatusbeplanning dikwels beïnvloed word deur “ideological considerations of powerful groups and counteracting forces.” Hy gaan voort om te sê dat die ideaal by taalbeplanning behoort te wees om objektiewe kennis, geformuleer as geloofwaardige hipoteses, te skei van groepsbelange en ideologiese verbondenhede.

Aan die ander kant sou die stelling gemaak kon word dat selfs die navorser wat erns maak met objektiewe en wetenskaplike navorsing binne die taalpolitieke terrein beswaarlik volkome vry is van ’n eie ideologiese raamwerk. Die ideaal van objektiwiteit is dus waarskynlik selfs met die beste pogings nie volkome haalbaar nie.

’n Goeie bewys van bogenoemde stelling is dat ook Steyn se gesaghebbende publikasie oor die taalpolitiek van Afrikaans, *Tuiste in eie taal* (1980), eindig op ’n toon wat nie as ideologies neutraal ervaar kan word nie. Die slotwoord gee naamlik blyke daarvan dat die skrywer sekere “lewende” mites binne die groep met wie hy deurgaans identifiseer, onderskryf (Steyn 1980:459-460):

En waarom sou daar ooit enggeestigheid kon wees in die houding wat 'n figuur in een van Hennie Aucamp se verhale soos volg uitdruk: “My bestaan, my identiteit, my kern, my alles lê opgesluit in Afrikaans. 'n Bestaan in 'n ander taal sal vir my tweedehands wees”? Die grootste gevaar van 'n “tweedehandse” lewe kom wanneer 'n mens saam met 'n stroom beweeg terwyl jy meen dat jy meehelp om die rigting daarvan te bepaal.

'n Mens aanvaar baie moeilik die ongeldigheid van jou eie mite omdat, soos reeds gestel, die sinvolheid van jou bestaan dan in die gedrang kom. Hieruit volg dat die enigste moontlike oplossing vir teenstellende mites rondom 'n saak – soos in hierdie diskoers aan die orde gestel word – geleë is in kommunikasie met lede van dié groepe wat “ander mites” as jyself “geleef” het. Kommunikasie oor kultuurgrense heen is dikwels moeilik en “ongemaklik”, maar dit bied waardevolle insigte en kan uiteindelik respek kweek vir die feit dat daar “baie stories is wat almal waar is solank jy net reg leer luister” (om die aanhaling van Brink uit *Anderkant die stilte*, 2002, wat in die voorafwoord en weer in hoofstuk 6 ter sprake kom, te parafraseer).

1.7 Terminologie en konsepte

Die terminologie en konsepte wat in die studie ter sprake sal kom, is veral die volgende:

- **Mite** – “A myth is a story – a symbolical fable as simple as it is striking – which sums up an infinite number of more or less analogous situations” (De Rougemont, 1956:18). (Vgl. o.a. ook Bulfinch, Campbell, Jung, Leroux, Samuel & Thompson (reds.) en Steenberg). Voortvloeiend uit die term “mite” ook: **die mitiese/die kollektiewe onbewuste** (vgl. Jung); **mites vs. geskiedskrywing** (vgl. Samuel; & Thompson (reds.) en **samelewingsmites** (vgl. Roland Barthes); (Die begrip “mite” en die afgeleide begrippe en terminologie wat daarmee verband hou, geniet in hoofstuk 2 deeglik aandag.)

- **Ideologie** – “Denkwyse tipies vir ’n volk of groep, wat heersend onder hulle is/ Idee(s) wat die grondslag vorm van ’n politieke of ekonomiese teorie of stelsel, veral sulke idees wat tot starheid, onversetlikheid van denke of optrede lei.” (Die *HAT*); vgl. ook Leroux, 1960 (aangehaal in Kannemeyer,1980:12): “Die meeste ideologieë vandag is ’n vorm van die mite.”;
- **Taal** - Menslike taal as kommunikasie-instrument, maar veral as “merker van sosio-kulturele identiteit” (Webb 1992:9) (vgl. ook die “**eie taal as tuiste**” (Steyn, 1980) en die aanhaling uit Hennie Aucamp hierbo);
- **Kultuur** - “Die ganse geestelike besitting van ’n volk of ander groep(ering) op elke terrein” (volgens die *HAT*), asook verskeie ander omskrywings;
- **Identiteit** - Dit wat eie is aan ’n persoon of groep, dit wat die persoon of groep veral kenmerk (vgl. Castells);
- **Sosio-kulturele identiteit** - Identiteit wat veral verband hou met die mens se “behoort tot” ’n bepaalde sosiale groep wat uit vrye keuse saam groepeer (vgl. o.a Webb);
- **Nasionalisme** - “Liefde vir die eie volk of nasie” (volgens die *HAT*). Vgl. ook Steyn 1980:134: “Die gevoel van bloedverwantskap het baie bygedra tot die nasionale ontwaking van die Afrikaners” en sy verwysing na Fishman (1977:18): “‘Kinship’ is the basis of the felt bond to one’s own kind. It is the basis of one’s solidarity with them in times of stress. It is the basis of one’s right to presume on them in times of need.” (Die kwessie van die “ontwaking” van nasionalisme geniet veral aandag in hoofstuk 3);

- **“Verbeelde gemeenskappe”** – Groepe wat ’n “mitiese verbondenheid” as groep onderling ervaar (vgl. Anderson se “imagined communities”, hoofstuk 3);
- Die **historiografie van Afrikaans** - Die beskrywing van die ontstaan van Afrikaans as selfstandige taal: sy herkoms, sy standaardisering en ontwikkeling en polemiese aspekte rondom sy status as Europese of Afrikataal) (vgl. Van Rensburg, Raidt, Grebe, Willemse e.a.);
- **Afrikaans** – ’n Taal wat Nederlands as die vernaamste brontaal daarvan het, maar op unieke wyse op Afrikabodem ontwikkel/verander het en grootliks beïnvloed is deur die wisselwerking met aanleerders van Nederlands/Afrikaans as doeltaal, soos die historiografie daarvan getuig (sien bo); ook die **simbool** van Afrikanernasionalisme enersyds en ’n negatiewe simbool van die ideologie van apartheid andersyds;
- **Afrikaanssprekendes** - Die taalgemeenskap van Afrikaans, te wese almal wat die taal as moedertaal/eerste taal gebruik;
- Die **nie-primêre spraakgemeenskap van Afrikaans** - Mense wat Afrikaans hoofsaaklik vir ekonomiese redes of as *lingua franca* gebruik, maar wie se tweede of verdere taal dit is;
- **Afrikaner(s)** - “Persoon wat Afrikaans is deur geboorte of afstamming, veral iemand wat Afrikaans as moedertaal het” (Die *HAT*-definisie, wat dus veral klem lê op die deurslaggewende rol van die taal in die bepaling van wie as Afrikaners beskou kan word). Vir die doel van hierdie studie sal die definisie van Afrikaners uitgebrei word om te verwys na die groep/volk wat veral na die Anglo-Boereoorlog, dus aan die begin van die twintigste eeu, kragte saamgesnoer het teen die Britse owerheid rondom Afrikaans as mitiese bindingsmiddel en wat hulleself waarskynlik gesien

het as Afrikaanssprekend, blank, Christelik-gelowig, dikwels landelik, hardwerkend en polities behorende tot die latere Nasionale Party.

Sinoniem met Afrikaner word die term **Boer** soms gebruik.

Laasgenoemde benaming kan, afhangende van die ideologiese hoek van die spreker, 'n aanprysing of 'n belediging wees;

- **Ontmitologisering** – 'n Proses waarvolgens daar gepoog word om bestaande mites van hulle lewende krag te ontnem (deur 'n proses van dekonstruksie wat die betrokke mites “uitmekaar haal” en probeer ontluister) en wat dikwels lei tot ontgogeling vir die groep wat volgens die betrokke mites geleef het. Die uitgangpunt van hierdie diskoers is egter dat “lewende mites” nie sonder meer ontmitologiseer kan word nie, aangesien hulle vir die groepe waarbinne hulle ontstaan het, onlosmaaklik deel is van die singewing rondom die eie bestaan;
- **Hermitologisering van mites rondom Afrikaans** – 'n Poging om die bogenoemde ontgogeling teen te werk deur nuwe inhoude aan die vroeëre mites te gee (vgl. Prinsloo en Van Rensburg (reds.)1984, Du Plessis & Du Plessis (reds.)1987 en Du Plessis & Van Gensen (reds.) 1999 e.a.)

1.8 Werkwyse

'n Literatuurondersoek en verkenning van geselekteerde bronne oor mites, die aard en krag van mites en miteskepping vs. geskiedskrywing sal die eerste ondersoekterrein van die navorsing wees. Terminologie en konsepte wat betrekking het op hierdie saak (vgl. 1.6 hierbo) sal in die loop van die proefskrif vollediger gedefinieer of bespreek word.

Vervolgens sal verskeie ander bronne oor die geskiedenis en posisie van Afrikaans in Suid-Afrika geraadpleeg word. Verskillende fases in die ontstaan/

bestaan van Afrikaans (veral met betrekking tot die twintigste-eeuse geskiedenis van Afrikaans) sal noukeurig onder die soeklig geplaas word ten einde die mitiese en geïdeologiseerde aard van die historiografie van Afrikaans en die neerslag van mites binne bepaalde Afrikaanse sisteme te bepaal.

1.9 Verwagte uitkomst

Die taalpolitiek van Afrikaans as vakgebied het veral sedert 1980 (vergelyk Prinsloo (1980) en Steyn (1980) in die bronnelys) die aandag van (veral) Afrikaanse vakwetenskaplikes begin geniet. Tot hierdie gesprek het verskeie bydraers in onder andere *Afrikaans: Stand, taak, toekoms* (Prinsloo & Van Rensburg (reds.)1984), Theo du Plessis in *Afrikaans in Beweging* (1986), en kundiges in *Afrikaans en Taalpolitiek* (Du Plessis & Du Plessis (reds.) 1987) en in *Afrikaans ná Apartheid* (V.N. Webb (red.)1992) toegetree. Nog meer resent is *Taal en stryd 1989-1999 gedenkbundel* (Du Plessis en Van Gensen (reds.)1999) en *The Afrikaners: biography of a people* (Giliomee 2003).

Hierdie studie steun dus sterk op reeds verworwe kennis en insigte van onder meer die bogenoemde vakwetenskaplikes, maar het uiteindelik ten doel om tot 'n geïntegreerde slotsom te kom oor die rol van mites rondom Afrikaans en sodoende 'n nuwe bydrae te lewer tot die gesprek rondom die taalpolitiek van Afrikaans.